Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

Die O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 22 Mei 1946. No. 26.

# Kommuniste Regeer Onderwyl Lawrence In Ashope Vroetel

**Suid-Afrika staan op die oomblik onder die plak van 'n naakte skrikbewind — die skrikbewind van die kommunisme. Landsburgers kan nie meer byeenkom tensy met die toestemming van die kommunistiese organisasies nie. Hulle voer die hoogste woord in die Suid-Afrikaanse politiek. Dit is die klare feite soos dit vandag daar staan.**

'n Paar weke gelede het die kommuniste daarin geslaag om 'n vergadering van die Ossewabrandwag in die Johannesburgse stadsaal te „veto". Volgens Fighting Talk, orgaan van die kommunistiesgesinde Springbok-legioen, het hulle hul sin as volg verkry: Die stadsklerk en lede van die raad is onmiddellik ná bekendmaking van die vergadering met omsendbriewe bestook waarin teen die verhuur van die stadsaal beswaar gemaak en aangedring word op 'n kansellering. Afvaardigings is terselfdertyd gestuur na die hoofmagistraat en die algemene komitee van die stadsraad. „Al hierdie amptenare was simpatiek, dog magteloos om op te tree," aldus die blad. **„Maar die Springbok-legioen was nie magteloos nie." Daar word dan verwys na die oprui-vergaderings wat agtereenvolgend op die trappies van die stadsaal gehou is. „Op die Saterdagmiddag onmiddellik na afloop van ons vergadering, het die algemene komitee besluit om sy oorspronklike besluit te herroep."**

### GAAN VOORT

„Dit was 'n besliste oorwinning vir die Legioen en die demokratiese burgers van Johannesburg," verklaar die blad wat daaraan toevoeg dat daar tans voortgegaan word met hierdie agitasie ten einde die regering te beweeg om die Ossewabrandwag, die Gryshemde en die Nuwe Orde in die ban te doen. **Gaan hulle slaag in hul doel?**

Intussen het die stadsraad van Pretoria ook die verhuur van die stadsaal vir 'n vergadering van die Gryshemde gekanselleer bloot as gevolg van die kommunistiese dreigement dat hulle daar geweld sou gaan pleeg.

**Dreigemente van geweld spreek tans die hoogste woord in ons politiek. En die mense wat dit spreek, is die kommuniste. Was dit die Ossewabrandwag wat dit gedoen het, was hy al lankal in die ban.**

En al wat die minister van Justisie in die aangesig van hierdie feite doen, is om na dokumente op die ashope van Europa te soek waarmee hy Afrikaners kan vervolg — tot groter vermaak van die kommuniste.

# Gruwelike Uitbuiting Op Swartmark van Armes

## *Jode en Indiërs se Praktyk*

**Die swartmark in voedsel is besig om te floreer in die groot stedelike gebiede, nieteenstaande die optrede van die speurdiens en die pryskontroleur. Ondersoek in Kaapstad het aan die lig gebring dat sekere handelaars 'n winsgewende swartmarkhandel in skaars voedselsoorte aan die gang het. Die publiek, deur radeloosheid gedwing, is bereid om die buitensporige prys te betaal. Hulle weet as hulle hierdie praktyk by die betrokke owerheid aanhangig maak, hulle voortaan nie meer van die skaars voedselsoorte sal bekom nie, aangesien die skuldige handelaar slegs 'n paar pond boete kry, en dan met sy besigheid voortgaan sonder hulle.**

Die agterbuurtes in die stede bied uitstekende geleentheid vir hierdie winsbejagters om munt te slaan uit hul minder gegoede ondersteuners, wat dan ook die grootste slagoffers van die bedryf is. Dit is nie soseer die vooraanstaande besighede, waar die rykes koop, wat vir die wanpraktyk verantwoordelik is nie, daar hulle nie kan bekostig om hul goeie naam ter wille van ekstra wins deur die modder te sleep nie. **Dit is by uitstek Joodse en Indiërhandelaars, wat geen naam het om te verloor nie, wat hulle hieraan skuldig maak. Die meeste van hierdie Joodse winsbejagters het gedurende die oorlog hier aan wal gespoel en beywer hulle om so gou moontlik die skatte van die land in te samel. Die nood van die armes en die voedselbeperktheid, bied uitstekende geleentheid om hulle sakke op 'n vinnige en oneerlike manier te vul.**

### „KOM MôRE" .. ..

Dit gebeur daagliks dat persone by hierdie winkeltjies instap om rys of suiker te koop. In die meeste gevalle word aan hulle vertel dat daar geen voorrade op hande is nie. As die klandisie, deur nood gedryf, lank genoeg soebat, word hulle versoek om die volgende dag weer te kom, maar om 'n paar ekstra sjielings saam te bring. „Miskien ek jou dan help." By die volgende besoek ontvang hulle die gevraagde artikels maar teen veel hoër pryse as die vasgestelde. **Die storie word aan hulle opgedis dat die handelaar dit vir hulle op die swartmark gekoop het en dat hulle daarom so duur daarvoor moet betaal. In werklikheid is die handelaar besig om suiker teen 9d. per pond en rys teen 1/- per pond te verkoop terwyl die vasgestelde prys 3½d. en 7d. per pond onderskeidelik is. Dit is geen ongewone gebeurtenis dat persone in hierdie winkels tot 2/6 vir 'n halfpond botter betaal nie.** Die slagoffers is maar te dankbaar dat hulle iets gekry het en nie droë brood hoef te eet nie.

### GESLAGTE HOENDER

'n Blanke het onlangs die eienaar van 'n Indiër-winkel versoek om hom twee pond suiker en 'n pond rys te gee. Al die voorrade was skynbaar uitverkoop volgens die besware van die Indiër. **Toe die klant egter beloof om hom 'n vet geslagte hoender op die koop toe te gee, het hy sy botter en rys gekry. Aan die klant is meegedeel dat indien hy voortaan gewillig sal wees om hom van hoenders te voorsien, hy altyd sy botter en rys kan kry.**

### ONDER GEWIG

'n Ander swartmarkmetode wat deur vrugte- en groentesmouse toegepas word, is om heelwat onder die gewig te verkoop — veral as hulle uitvind dat die huisvrou nie 'n skaal het nie — iets wat tydens die oorlog onverkrygbaar was. Die graad-indeling word ook misbruik.

Gedurende die druiweseisoen het mense dikwels keurgraadpryse vir tweede graad druiwe betaal.

**Groothandelaars maak hulle daaraan skuldig dat hulle buitensporige pryse vir rys, tee, suiker ens. vra, en verplig hul kleinhandelklandisie om „eiers" of „konfyt" in die plek daarvan op die faktuur in te vul wat dan die totale bedrag moet uitmaak. Die kleinhandelaar kan nie weier nie, want dan verloor hy sy toevoer.**

### GOOI VIS TERUG

Die vismark is feitlik die ene swartmark; veral snoek word teen buitensporige pryse verkoop. Dit gebeur dat as voedselbeamptes hul verskyning maak, die visbote net so omdraai met hul vragte en dit in die see gooi liewer as om dit teen die vasgestelde prys te verkoop. Ook hier geld dit die arm man, want vis is sy „vleis".

**Daar is slegs een manier waarop die swartmark beëindig kan word, en dit is, neem die oortreders se handelslisensie van hom af. Dit help nie dat hierdie Jode en Indiërs as hulle betrap word met £10 of £50 beboet word nie — vir hulle beteken dit maar 'n geringe kapitaalbelegging.**

# KOMMUNISTE IN BERLYN



**Tienduisende Duitsers het op Meidag deur die strate van Berlyn gestap met slagspreuke van die kommunistiese party. Hulle is toegespreek deur die kommunistiese leier Pieck. Rooi vlae was volop, het 'n beriggewer gemeld.**

# Geweldige Omvang Van Hongersnood

**Die ontsettende voedselnood is verlede week deur Herbert Hoover, oud-president van Amerika geskilder nadat hy teruggekeer het van sy wêreldwye reis. Meer as 800,000,000 mense — 'n derde van die bevolking van die wêreld — word deur hongersnood bedreig.**

In Europa is daar tussen 20,000,000 en 30,000,000 kinders wat liggaamlik ondervoed is. In die maande wat kom sal 100,000,000 mense verplig wees om met 2,000 kalorieë voedsel klaar te kom; 100,000,000 sal met 1,800 kalorieë klaarkom; 150,000 met 1,500 kalorieë; 150,000 met 1,200 kalorieë; 300,000 sal tevrede moet wees met 900 kalorieë of baie minder.

**Die rantsoen van die Duitsers in die Franse besettingsgebied is verminder tot 500 kalorieë per dag. Dit is die helfte minder as 'n hongerrantsoen.** In die Britse gebied ontvang die Duitsers ongeveer 1,000 kalorieë per dag; in die Amerikaanse gebied 1,275 en in die Russiese nagenoeg 1,300 kalorieë.

Deskundiges het die mening uitgespreek dat mens met 2,200 kalorieë per dag aan die lewe kan bly en normaal funksioneer. Met 700 kalorieë kan mens alleen aan die lewe bly as jy warm toegemaak in die bed bly lê. Met 1,000 kalorieë is dit moontlik om binneshuis te beweeg en met 1,300 kalorieë is jy in staat om ligte werk te verrig.

Onderwyl die mense in Europa vergaan, eet die Amerikaners wat aandadig is aan die ellende, meer as ooit, nl. 3,000 kalorieë per dag, en het Stalin die beroep van die Amerikaanse president om voedsel af te staan aan Europa, geweier.

# KRISISWEEK

Die V.S.A. gaan hierdie week 'n krisistoestand van die allereerste rang tegemoet.

Die spoorwegstaking is uitgestel tot 23 Mei, berig Sapa. Insgelyks is die steenkoolstaking uitgestel tot 25 Mei.

Gaan president Truman die arbeidsgeskille hierdie week besleg, of gaan die arbeid—kapitaal-botsing die hele Amerikaanse oorskakelingsplan ontwrig?

# *Stalin Wil Niks Teruggee*

Stalin het die dringende beroep van pres. Truman om voedsel vir honger Europa te help lewer, geweier. **Hy het gesê as die versoek drie maande eerder gekom het, sou Rusland kon help.**

**Sedert die wapenstilstand het Unrra, die Verenigde Volke se organisasie vir voedselverspreiding, 90 persent van sy voorrade in Russies-beheerde lande uitgedeel.**

# 132 L.V.'s Afwesig Tydens Debat oor Mynteringwet

**Wanneer daar honderd twee-en-dertig leë sitplekke in die volksraad pryk wanneer die mynteringwetsontwerp onder bespreking is, terwyl al die banke in die wandelgange deur die volksverteenwoordigers beset is, dan word die volk doelbewus bedrieg as aan hom vertel word dat die volksraad die liggaam van volksverteenwoordiging is. 'Die parlementêre stelsel het van die demokrasie 'n klug gemaak.**

Op die oggend van 16 Mei, toe die wetsontwerp op myntering in die volksraad behandel is, was die raadsaal leeg en die paar bittereinders wat aanvanklik nog gepoog het om die skyn van belangstelling te handhaaf, het een na die ander so verveeld geraak dat hulle met 'n draalgang die saal verlaat het na die verversingslokaal.

**Uit die totaal van 87 lede van die Verenigde Party het net 10 lede dit die moeite werd geag om hul gesigte in die raadsaal te wys.**

Die H.N.P. het op die oomblik 46 verteenwoordigers in die volksraad maar om twintig minute voor elf hierdie oggend was daar net 12 lede in die volksraad. Die naturelleverteenwoordigers tesame met die Arbeiders en Dominioniete het die totaal van sewe uitgemaak. As gevolg van die in- en uitstap van lede het die Verenigde Party om kwart voor elf aangegroei tot die mooi totaal van twaalf en die H.N.P. het intussen verminder tot 9 lede. Op hierdie stadium was daar slegs twee ministers in die volksraad.

### VOLOP PAPIERE

Dit was aanmoedigend om te sien hoe hoog die stapels papiere en dokumente op die leë banke opgestapel was — getuienis dat die afwesige lede op een of ander tyd gedurende die sitting darem al op hul plekke was.

Gedurende die volgende vyf minute het die dwarsbankers aangegroei tot agt lede, die H.N.P. tot 13, en die V.P. het tot 11 verminder. **Onderwyl die woorde traag deur die ruimtes gedraal het, was een van die aanwesiges besig om 'n tjek uit te skryf, sy buurman het in 'n boek sit en blaai terwyl die res lui-lekker op hulle mage gesit-lê het.** Selfs die tradisionele tussenwerpsels is nie gehoor nie.

### TE SAAI

Vir die meeste van die aanwesige lede het dit nou onhoudbaar in die dooie atmosfeer geword, en hulle het uitgevlug. **Vyf lede van die H.N.P. het oorgebly as bittereinders, 11 lede van die Verenigde Party en vyf lede van al die ander groepe het nog die „volk" verteenwoordig. Een-en-twintig lede uit die honderd-drie-en-vyftig „volksverteenwoordigers" het oorgebly. Slegs een minister, die Minister van Mynwese, het die kabinet uitgemaak. Daar was byna net soveel verslaggewers as L.V.'s.**

In hierdie stadium het ons verslaggewer die wandelgang besoek en 23 volksraadslede getel wat op die banke gesit en gesels of in groepies gestaan en slim stories verkoop het. **In die verversingslokaal moes die tafelbediendes hul bene dra om die „moeë" verteenwoordigers van die volk van lafenis te voorsien. Die bespreking van mynwerkersbelange het hierdie „volksmanne" die geleentheid gebied om te gaan rus.**

Die volgende dag het die partypolitieke pers as volg berig: **„Daar is weer oor een boeg aan die mynteringswetsontwerp voortgewerk, en die aantal lede wat van die Opposisiebanke verbeterings probeer aanbring het, het geen verposing gegee nie. Min. Waterson het plekplek nie meer mooi geweet of hy moet toegee of nie, en as hy nie moet toegee nie, waarom hy nie moet toegee nie."**

**MOTORBANDE:** Die beheer oor motorbande sal vanaf 1 Junie opgehef word, het die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling verlede week aangekondig. Dit kan gedoen word omdat genoegsame voorrade tans op hande is.


# Die Kopersbond Beperk
## (Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

* * *

***Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na***

## £1,000,000

* * *

## KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

* * *

***Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B" aandele van £5 elk aangebied.***

* * *

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER
DR. J. H. PIENAAR
DR. F. F. BORCHARDT
J. N. B. SCHABORT
G. T. ROBERTSON
DR. C. J. S. STRYDOM
J. J. ACKERMANN
DR. H. J. LUTTIG
DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL

***Skryf dadelik om prospektus aan:***

***DIE SEKRETARIS***

# Die Kopersbond Beperk

POSBUS 8363 JOHANNESBURG


## *Oor Boeke*

# ASIATE-VRAAGSTUK —DIE OPLOSSING

**Afrika Sonder die Asiaat,** deur prof. dr. G. Cronjé, uitgegee deur Publicité. Prys 12s. 6d.

Die boek, wat 'n oorsig gee van die ontstaan en ontwikkeling van die Indiërvraagstuk in ons land en 'n oplossing aanbied van uit die Afrikaanse volkstandpunt, verskyn gelyktydig met die kapitulasie deur die partypolitiek aan hierdie vraagstuk, soos beliggaam in die wetgewing van 'n paar weke gelede.

Die skrywer toon aan hoe die Indiërvraagstuk op Suid-Afrika afgelaai is deur die Britse imperialisme en kapitalisme sonder inagneming van die belange van die blanke en nie-blanke inwoners van die Unie. In Natal is hulle ingevoer as arbeidskragte in die suikerplantasies ondanks die aanwesigheid van groot getalle naturelle in daardie provinsie wat die werk net so goed kon doen. **Later jare het bewys dat die naturelle-arbeid die suikernywerheid se produktiwiteit laat styg het en dat die Indiërs dus nie so onmisbaar was as wat die kapitaliste wou voorgee het nie.**

Die Vrystaat, waarin 'n Boerebeleid gevolg kon word, het vroegtydig die immigrasie van Indiërs deur middel van wetgewing verbied, sodat daardie provinsie vandag nog skoon is. **Toe die Transvaalse Republiek dieselfde wou doen, is hy egter deur Brittanje belet in gevolge die Londense Konvensie van 1884.**

### STEEDS ERGER

Daar word aangetoon hoe hierdie vraagstuk onder imperialistiese invloed steeds vererger is deur toegewings aan die Indiërs. Waar daar nog beperkings soos in verband met grondbesit op hulle uitgeoefen is, het die een regering na die ander toegelaat dat hierdie beperkings ontduik word op allerlei wyses. Elke keer is maar weer vrystelling aan die Indiërs verleen waar hulle die wet ontduik het en is hul onwettige okkupasie van grond deur die parlement gewettig.

### GEEN VERSKIL

Nadat hy breedvoerig ingegaan het op die beleid wat daar deur die twee verskillende regerings tussen 1910 en 1932 gevolg is ten opsigte van die Indiërvraagstuk, kom die skrywer tot die volgende slotsom: „Daar het gedurende die tydperk 1910—1932 geen omvattende en stelselmatige beleid tot stand gekom nie, wat as dit behoorlik toegepas word, op die oplossing van die Asiate-vraagstuk sal uitloop nie.

**„Daar bestaan tussen die beleid wat deur die imperialisties- en nasionaalgesinde regerings onderskeidelik gevolg is, geen wesenlike en diepgaande verskille nie. Die beleid van die jare 1925—1932 was feitlik verskille nie. Die beleid van die van die jare 1910—1924.** „Na aanleiding van hierdie konklusies kan ten slotte nog die vraag gestel word: Waarom?

„Die antwoord is blykbaar òf omdat daar nie voldoende insig en begrip met betrekking tot die vraagstuk aanwesig was nie, òf omdat die imperialistiese verband, waarbinne Suid-Afrika verkeer, doeltreffende optrede gedwarsboom het, òf omdat albei hierdie struikelblokke aanwesig was."

Die antwoorde wat die skrywer hier gee bevat seker elkeen sy element van waarheid. **Maar as daar gelet word op wat in die parlement tydens die afgelope bespreking oor die Indiërmaatreël gesê en gedoen is, behoort dit vir elkeen duidelik te wees dat die partystelsel, wat net so 'n erfenis van die Britse imperialisme is as die Indiërvraagstuk self, dit onmoontlik gemaak het om hierdie vraagstuk van uit 'n volkstandpunt op te los.** Van opposisiekant is naamlik openlik erken dat Afrikaners wat eners voel oor die vraagstuk, as gevolg van party-indeling deur die „tirannie van die partysweep" verbied word om eners te stem. **Daar is dan ook gepleit vir 'n tydelike opheffing van hierdie politieke stelsel tot einde die vraagstuk gesamentlik op te los soos in die geval van die naturellewette van 1936.**

### GROTER VRAAGSTUK

In hierdie lig beskou, word dit dan ook duidelik dat Suid-Afrika eers die „parlementêre vraagstuk" sal moet te bowe kom voordat hy die Indiërvraagstuk sal kan oplos.

Die skrywer pleit dan ook dat die toevlug tot iets heeltemal anders as die beleid van die verlede geneem sal moet word, nl. 'n radikale en vérsiende beleid en besliste en doelbewuste optrede. Engeland sowel as Indië het mede-verantwoordelikheid vir die Indiërs in Suid-Afrika. Engeland het 'n sedelike verpligting om die rampsalige gevolge van sy imperialistiese beleid ongedaan te maak, terwyl Indië deur die oorspronklike kontrak verplig was om die Indiërs weer terug te neem ná verstryking van hul kontraktermyn. **Wat laasgenoemde betref wys die skrywer daarop dat Indië die afgelope dertig jaar nog steeds verantwoordelikheid vir die Suid-Afrikaanse Indiërs aanvaar deur op allerlei wyse aan die Unie-regering voor te skryf wat hy moet doen.** Daar is dus net twee moontlikhede: Die oplossing van die Asiatevraagstuk hier te lande is Suid-Afrika se interne aangeleentheid en dan het Indië daar niks mee te make nie; **òf Indië het iets daar mee te make en dan is dit geen interne vraagstuk nie en moet hy sy medewerking verleen aan die repatriasie van die Indiërs. Want repatriasie is die enigste blywende oplossing wat die skrywer vir hierdie vraagstuk sien.**

Die beste blywende oplossing sal dus wees dat Suid-Afrika, Engeland en Indië gesamentlik optree om vir die Indiërs 'n ander tuiste te kry òf in hul vaderland òf elders in die Ooste.

**Wat die beswaar betref om 'n kwart miljoen Indiërs te repatrieer, noem die skrywer die feit dat daar op die oomblik miljoene mense in Europa van die een plek na die ander verskuif word sonder protes, en dat Engeland self 'n plan oorweeg vir die verskuiwing van 5,000,000 Britte na die Dominiums.**

Op 'n tydstip dat Suid-Afrika se rassevraagstukke steeds meer op die voorgrond kom, kan hierdie boek nie sterk genoeg aanbeveel word nie. Selfs hy wat van die skrywer se opvattings verskil, sal feite daarin vind wat noodsaaklik is vir 'n benadering van die vraagstuk.

## Meer Fabrieke Vir Groter Volksinkome

Die Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer het Donderdagaand 'n baie geslaagde vergadering gehou toe ongeveer 50 Skiereilandse sakemanne die geleentheid gehad het om deur mnr. F. J. du Toit, Sekretaris van Handel en Nywerheid, toegespreek te word.

Mnr. Du Toit het daarop gewys dat daar nie sprake kan wees tot terugkeer na vooroorlogse toestande, of wat soms losweg genoem word „normaal" nie. Ons maatstaf sal dus gewysig moet word om met ontwikkelinge tred te hou.

Spr. het beklemtoon dat as die Unie hom wil inrig op 'n gestadig vermeerderende peil van volksinkome, sal die volksinkome van die toekoms hoofsaaklik op 'n vergrote fabrieksproduksie moet berus. Ook wat die toekoms van ons buitelandse handel betref sal fabrieksproduksie 'n groter rol daarin moet speel. Vir die uitvoer van fabrieksprodukte sal die Unie hom veral tot gebiede in Afrika moet wend en hiervoor het die volgende produkte goeie vooruitsigte: skoeisel, wyn en bier, voedselsoorte, meubels, komberse, growwe masjinerie, glas en erdewerk.

**Spr. is van mening dat die kwessie van 'n gesonde middeweg tussen staatsinmenging en privaat ondernemings al meer en meer 'n strydvraag sal word. Hy beveel dus aan dat sakemanne die vraagstuk deeglik moet uitpluis.**

Dr. C. F. Albertyn het mnr. Du Toit bedank vir sy inligting.

Die vergadering is ook bygewoon en kortliks toegespreek deur mnr. J. du P. Oosthuizen, lid van die uitvoerende komitee van die Gefedereerde Kamers van Koophandel en ook lid van die tussenkomitee wat in die lewe geroep is om samewerking tussen die Kamers van Koophandel en die Afrikaanse Handelsinstituut te bewerkstellig. Hy het sy trots uitgespreek oor die vooruitgang wat die Afrikaner in die laaste tyd in die sakelewe gemaak het.

Dr. J. M. van Aswegen het die voorsitterstoel ingeneem.

## Strawwe Te Lig Vir Swartmark

**„Die optrede van die howe in die gevalle waar die inspekteurs van die Koringraad persone wat brood te duur verkoop voor die hof daag, is ontmoedigend," het die bestuurder van die Koringraad, dr. A. W. O. Bock, verlede week in Kaapstad verklaar. „Dit maak die optrede van die Koringraad nutteloos."**

**In Pretoria is 'n persoon wat aangekla is dat hy brood te duur verkoop het, slegs gewaarsku en ontslaan. In 'n ander geval is 'n persoon wat te veel vir brood gevra het, met slegs £10 beboet. Dr. Bock het verklaar dat hierdie persone tronkstraf moet ontvang soos dit in Engeland gedoen is vir sodanige oortredings. Dit is al manier om 'n einde aan die swartmark te maak.**

**MOORDSAAK:** 'n Twintigjarige blanke, Johannes Jacobus van der Merwe, is verlede week in hegtenis geneem in verband met die moord op 'n bioskoopeienaar in Kaapstad. Slegs £15, 'n vulpen en 'n horlosie is ná die moord vermis uit die oorledene se kantoor.

# Senator Verdedig O.B. In Parlement

**Die naturelleverteenwoordiger in die parlement senator H. M. Basner, het aan die begin van die maand 'n hewige aanval op die Ossewabrandwag gedoen en gepleit dat die Beweging in die ban gedoen en sy vergaderings belet moet word. Op hierdie aanval is geantwoord deur 'n Afrikaner wat nie lid van die O.B. is nie, maar wat in elk geval die moed gehad het om vir sy volksgenote in die bresse te tree. Hy is sen. J. J. van Rensburg en het o.a hom as volg uitgelaat oor die stryd teen die Volksbeweging:**

„Waar die burgemeesteres van Johannesburg, 'n Kommunis, geweier het om die stadsaal toe te staan aan een van die edelste seksies van ons bevolking, vir 'n vergadering, iets waarop elke burger geregtig is, kom die agb. Senator nou en gaan sover om beskerming vir sy party te soek teenoor 'n ander party en dit wel teenoor 'n seksie waaraan daar van die edelste seuns van ons land behoort. Ek weet nie of hy wil hê dat hulle doodgeskiet, geïnterneer of in die tronk gesit moet word nie, of wat hy graag wil dat met hulle gemaak moet word nie, maar aan die ander kant wil hy die Kommuniste vry laat om te maak soos hulle wil, en teen hierdie seksie uit te vaar. **Ek is nie 'n Ossewabrandwaglid nie, maar hulle is deel van die volk waaraan ek behoort, maar ek wil sê dat die leier van die Ossewabrandwag een van die edelste seuns en uit een van die edelste families in die land is. Hy het een van die hoogste betrekkings in die land beklee en het dit prysgegee vir 'n ideaal. Hy het die volste reg op die ideaal wat hy nastreef, al sou ons almal met hom verskil, het hy nogtans die reg daartoe.**

„Aan daardie organisasie behoort persone wat van die beste families in die land is, manne wat vér verhewe staan bo die Kommuniste wat aanvalle op hulle maak en die leier bokant 200 Basners. Ek wil die agb. Senator waarsku dat hy nie maar moet aanval wie hy wil nie want hy kan sy rieme styf loop. **Ek kan die burgemeesteres van Johannesburg en Senator Basner uitdaag om die Kommuniste 'n demonstrasie hier te Kaapstad te laat hou en laat aan die ander kant die Ossewabrandwag 'n demonstrasie hou en dan kan ons die publiek van Kaapstad laat oordeel. Ek het Kommunistiese demonstrasies gesien en ek kan alleen sê God bewaar my dat ek nie daaraan behoort nie. As daar sulke demonstrasies gehou word aan die een kant deur die Kommuniste en aan die ander kant deur die Ossewabrandwag, dan sal ons sien watter manne van die edelste families aan die Ossewabrandwag behoort, en watter klas mense die Kommuniste is.** Die Ossewabrandwag het nog nooit 'n aanval in hierdie Huis op die Kommunistiese seksie gemaak nie en hier kom senator Basner nou en maak 'n aanval op die Ossewabrandwag ten einde sy eie Party te beskerm — waarom veg hy hulle nie as 'n man buite op die land nie. **Meneer die President, u het my toegelaat om hierdie paar woorde te sê, maar ek het gevoel dit is my plig teenoor my eie vlees en bloed wat hier nie verteenwoordig is nie."**

# Wetsontwerp na 2 Jaar

**Byna twee jaar nadat 'n Amerikaanse deskundige die Unie-regering gewaarsku het om onmiddellik op reuse-skaal te begin met 'n georganiseerde stelsel van grondbewaring het die regering nou sover gekom om 'n wetsontwerp in te dien in verband met die vraagstuk van grondverspoeling.**

Die wetsontwerp maak voorsiening vir die samestelling van 'n grondbewaringsraad wat sal bestaan uit die Sekretaris van Landbou, die Sekretaris van Lande, die Sekretaris van Naturellesake, die Direkteur van Besproeiing, die Direkteur van Bosbou, die Direkteur van Grondbewaring, vyf boere wat gekies sal word uit 'n lys van tien, voorgelê deur die S.A. Landbou-unie, en vier lede wat aangestel sal word op grond van hul besondere kennis van die onderwerp.

Die taak van die raad sal o.a. wees om skemas te ondersoek en aanbevelings by die Minister van Landbou te doen in verband met bewaring van grond.

Op versoek van twintig of die meerderheid van boere in 'n bepaalde gebied, kan so 'n gebied tot 'n grondbewaringsdistrik verklaar word. 'n Komitee vir so 'n distrik word saamgestel vir die opstel en toepassing van skemas vir grondbewaring.

Eienaars wat weier om grondbewaring toe te pas, kan onteien word en na herstel van plase kan aan eienaars voorskrifte gegee word betreffende die bebouing, versorging en beweiding van hul grond ten einde gronderosie te voorkom.

Grondbesitter buite 'n grondbewaringsdistrik kan op eie houtjie aanbevelings vir grondbewaring doen.

Geld sal voorgeskiet word vir enige goedgekeurde grondbewaringswerk en die Minister kan subsidies of skenkinge aan enige grondbesitter magtig.

**REORGANISASIE IN GEBIED C.**

Die volgende Vergaderings sal toegespreek word deur
**GENL. P. J. GROBBELAAR, van Gebiedshoofkwartier,**
bygestaan deur
**Jeughoofkomdt. TALJAARD en Jeugkomdt. GIBSON van Gebied C.**

**27 MEI 1946, 10.30 v.m.: Openbare Vergadering, Edenburg.**
**27 MEI 1946, 7.30 n.m.: Springfontein, Openbare Vergadering.**
**27 MEI 1946, 2 n.m.: Bethulie, Openbare Vergadering.**
**3 JUNIE 1946, 7.30 n.m.: Openbare Vergadering, Reddersburg.**
**5 JUNIE 1946, 3 n.m.: Offisiersvergadering, Daspoort C2.**
**5 JUNIE 1946, 7.30 n.m.: Vergadering, Wepener — Stadsaal.**
**6 JUNIE 1946, 11 v.m.: Ventersburg, Openbare Vergadering.**
**6 JUNIE 1946, 3 n.m.: Odendaalsrust, Openbare Vergadering.**
**7 JUNIE 1946, 11 v.m.: Kroonstad, Offisiersvergadering en Openbare Vergadering.**

**Tye en plekke van Openbare Vergaderings sal plaaslik aangekondig word.**


**R. W. van Ryn**

BRILMAKER



**Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.**

**ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.**


# Openbare Vergaderings

word op die volgende plekke deur

## Hf.Komdt. W. R. Laubscher

Voorligtingsoffisier van Gebied A, toegespreek:

| | |
|---|---|
| BEAUFORT-WES | 10 JUNIE, 7.30 n.m. |
| ZEEKOEGAT | 11 JUNIE, 10 v.m. |
| MIDDELWATER | 11 JUNIE, 4 n.m. |
| PRINS ALBERT | 12JUNIE, 7.30 n.m. |
| MERWEVILLE | 13 JUNIE, 3 n.m. |
| MIDDELWATER | 14 JUNIE, 10 v.m. |
| LETJESBOSCH | 15 JUNIE, 7.30 n.m. |
| SANDBULT | 17 JUNIE, 10 v.m. |
| RIETBRON | 17 JUNIE, 7.30 n.m. |
| KARIEGA | 18 JUNIE, 3 n.m. |

**Bogenoemde openbare vergaderings sal onder toesig van die Ossewabrandwag gehou word.**

**ALMAL WELKOM.**

Vrae sal toegelaat word.


# „UITGEEGELD"...



## of TOEKOMSTIGE KAPITAAL ?

Dit hang van uself af! Daardie paar pennies of stukkies silwer wat as kleingeld oorbly na u uitgawes van die dag —en wat u moontlik maar as „uitgeegeld" gebruik omdat hulle miskien te min lyk vir iets anders—kan vir u VANDAG reeds 'n kapitaalbaat aankoop wat 'n redding vir u gesin of vir u eie oudag kan beteken. (By voorbeeld: 1s. per dag kan vir u teen u sestigste verjaardag ongeveer £1,000 kontant oplewer!)

* Laat SANLAM daardie stuiwers vir u omsit in versekerde toekomstige kapitaal!

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28. KAAPSTAD




'N EGTE AFRIKAANSE PRODUK

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK., Posbus 3180 - - - KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 22 MEI 1946.

# Sosiale Idee Nodig

Die ontevredenheid in die staatsdiens oor die aangekondigde salarisskale is begryplik. In die vooroorlogse jare was dit al onmoontlik vir 'n staatsamptenaar om aan trou te dink voor die ouderdom van dertig jaar, d.w.s. as £30 per maand as 'n hubare salaris beskou kan word. Met die verhoging van lewenskoste tydens die oorlogsjare was daar baie min amptenare wat as getroudes 'n behoorlike lewenspeil kon handhaaf. Hoe hierdie mense deurgeworstel het, sal die kommissie van ondersoek na sy studie van twee jaar moontlik kan meedeel. Onder die vooroorlogse toestande was die posisie dan so dat amptenare eers op 'n leeftyd van dertig jaar aan 'n huwelik kon dink — mits dit kinderloos sou wees. **Kinderrykheid is dan ook nie iets wat by hierdie afdeling van die volk gesoek moet word nie. En intussen verkondig die een politikus na die ander hoe noodsaaklik dit is dat ons bevolking uitgebrei moet word in terme van miljoene — deur middel van immigrasie.**

### ONDERWYSERS

Hoe hierdie staatsbeleid in werking gebring word, word pragtig geïllustreer in die geval van onderwysers, wat 'n besondere afdeling van die staatsdiens vorm. **In Kaapland het die tekort so aangegroei dat daar twee jaar gelede al aangekondig is dat die enigste uitweg die invoering van onderwysers uit Engeland sou wees. Dit is tans as beleid deur die Administrateur aanvaar. Dit was egter eers 'n week gelede dat besluit is om 'n kommissie van ondersoek na die onderwysers se salarisse in te stel!** En te oordeel na die voorbeeld van die kommissie van ondersoek na die staatsdiens, sal hierdie kommissie wel twee jaar tot sy beskikking hê om oor die karige salarisse van die onderwysers te gaap.

In die afgelope drie jaar het by 'n 7,000 staatsamptenare die diens verlaat omdat dit vir hulle onhoudbaar geword het. Talle meer gaan blykbaar uittree indien daar geen verbetering kom nie — voorwaar 'n gunstige vooruitsig vir die politici aan bewind om hul immigrasiebeleid deur te voer!

### IETS NUUTS

Die amptenare het aangedring op 'n heeltemal nuwe salarisgrondslag. Die kommissie se aanbevelings was slegs 'n herrangskikking van die oue, wat met die oog op die verhoogde lewenskoste, swak vergelyk met die oue in vooroorlogse dae. **Mens kan nie help om te dink dat die kommissie nog oorwegend vaskleef aan die ou begrippe van goedkoop-arbeid wat kenmerkend was van die kapitalistiese eeu nie. Aan die sosiale gedagte van 'n gesonde en groeiende volk, word daar blykbaar nog nie deur hierdie mense gedink nie.** Al wat geld is hoe goedkoop die staat daarvan kan afkom sonder om die amptenare tot opstand te dwing, al sien die staat, soos ook verteenwoordig in sy tientalle plaaslike besture, kans om miljoene ponde aan vreemde moondhede as geskenke aan te bied.

**Solank daar in hierdie terme gedink word, bly daar weinig hoop op tevredenheid in die staatsdiens. Daar sal moet beweeg word in die rigting van die sosiaalbewuste staat wat aan sy werknemers bestaanbare vergoeding sal gee, nie om hulle stil te hou nie, maar om van hulle 'n vrugbare deel van die lewende volk te maak.**

# RANTSOENERING

Die invoering van 'n rantsoeneerstelsel van brood onder die bekwame leiding van dr. H. J. van Eck sal vir die stedelike bewoners 'n groot verligting wees. **Dit strek egter tot skande van die regering dat hy alleen sover kon kom nadat 'n Britse sir wat drie weke in die land was, hom daartoe oorreed het.** Voedselskaarste het wel ook sy natuurlike oorsake, maar die toestand is vererger en in baie opsigte regstreeks veroorsaak deur die regering se gewetenlose uitvoerbeleid van die afgelope jare. **Toe naturelle al begin boomwortels kou het van honger, het genl. Smuts nog steeds beroepe op die volk gedoen om kos na Engeland uit te voer ten einde „grenslose dankbaarheid te betuig".** Daar is groot besorgdheid geopenbaar oor die „skrale" rantsoene van die bevolking van Engeland, — wat, tussen hakies, nog altyd volop witbrood gehad het — maar teenoor die lang voedseltoue in ons groot stede het die regering hom onbetuig gelaat.

Die volk is dus dankbaar — al moet dit teenoor 'n Brit wees — dat daar eindelik iets gedoen gaan word om 'n regverdige verdeling van die beskikbare voedsel moontlik te maak. Dat dit gepaard gaan met 'n skeiding tussen produksie en distribusie, sover dit beheer betref, is jammer, **want veral met die gekrap van die partypolitiek daarin, laat dit 'n teenstelling ontwikkel tussen produsent en verbruiker, terwyl die regte verhouding een van vriendskap en wedersydse aanvulling moet wees.** Daar kan gaan rede bestaan waarom so 'n skeiding noodsaaklik is nie, behalwe in sover dit toegeskryf moet word aan die onbekwaamheid van die politieke advokaat aan die hoof van Landbou. In 'n sosiale eenheidstaat, waar die beroepe deel uitmaak van die staatsorganisasie, kan daar geen sodanige ongerymdheid bestaan nie.

# Die Indiese Drama

.. DEUR DR. J. A. WIID.

**Ook gedurende die afgelope week het die wêreldgebeure geensins 'n vriendeliker en hoopvoller wending geneem nie. Hongersnood het 'n omvang gekry en 'n intensiteit bereik soos die wêreldgeskiedenis nie ken nie. Hongersnood het vir miljoene en nogmaals miljoene mense hongersdood geword. Op wêreld-konferensies, waar die oorwonnenes nie verteenwoordig is nie, gaan die „boumeesters" van 'n „nuwe wêreld" nog maar hul gewone sukkelgang. Geen ingrypende opbouende hervormings nie, maar 'n magtelose gebabbel en onvrugbare dooie punte het ook weer van die konferensie van die Vier Grotes se buitelandse ministers in Parys kenmerkend geword. Die fundamentele vraagstuk van die wêreld, nl. Duitsland is glad nie in Parys aangevoer nie. Dit word beweer dat die Russiese verteenwoordiger volgens gewoonte alle voorstelle afstem sonder om met eie voorstelle voor die dag te kom. Miskien word die huidige krisis vererger omdat die welmenende leiers in Washington en Londen te lig vir die geweldige taak is terwyl Stalin miskien meer gewig dra of in elk geval weet wat hy wil.**

**Ook in Indië is die pot aan die kook. Volgens die Britse Onder-koning het die KRITIEKSTE UUR in die geskiedenis van Indië geslaan. Selfs Gandhi verklaar dat die jongste Britse voorstelle die kieme bevat wat Indië kan verander van 'n „land van droefheid" in 'n „land sonder droefheid en lyding".**

### BRITSE VOORSTELLE VIR INDIË

Dit is bekend dat Indië, eenmaal genoem „die skitterendste juweel in die Britse kroon", vandag geweldige probleme nie alleen vir Brittanje nie maar ook vir die Indiërs bied. Hierdie groot land met sy 400 miljoen mense, d.w.s. een-vyfde van die wêreld se bewoners en met sy geweldige ekonomiese, sosiale, politieke en godsdienstige teenstellings, sien in die Britse konneksie die vernaamste bron van al sy moeilikhede. Vir die Indiërs rus die Britse keiserskroon in Indië op die hoekstene van brutale verowering, gewetenlose uitbuiting en die ou beproefde beleid van „verdeel en heers." Vir die ontwaakte Indiese nasionale selfbewussyn het die Britse kroon ondraaglik geword. Hieroor is Mohammedane en Hindoes, is Jinnah en sy Mohammedaanse Bond en Gandhi met sy Hindoe Kongres-party dit volkome eens. Ook vir die Britte het hierdie stroom van Indiese nasionalisme, wat in Washington en Moskou nogal indruk maak, te sterk geword. Vandaar die herhaaldelike Britse pogings in die laaste jare om die konstitusionele bande wat Indië aan Brittanje bind losser te maak, aan Indië Dominiale status met 'n eie verantwoordelike regering te verleen. Dit is dan ook die kern van die voorstelle van die Britse kabinetsending wat op die oomblik in Indië vertoef. 'n Indiese federasie, al word dit 'n Indiese unie genoem, met inagneming van die partikuliere belange van die Mohammedaanse minderheid, die prinslike state en die provinsies in die federale sowel as in die plaaslike regerings en wetgewings, word in die vooruitsig gestel.

Volgens die voorstelle van die Britse kabinetsending is daar dus masjinerie aan die gang gesit waardeur die nuwe grondwet „deur Indiërs vir Indië" uitgewerk kan word. Die Britse kroon word in die voorstelle glad nie genoem nie. Baie belangrik egter is die feit dat die Britse kabinetsending die Mohammedaanse Bond se eis om Pakistan van die hand gewys het. Hiermee het die Britte met een slag daarin geslaag om die swaartepunt van Indiese ontevredenheid van die Britse konneksie wat vir die gewone Indiër 'n soort van buitelandse aangeleentheid is, af te skuif na 'n interne Indiese aangeleentheid, nl. Pakistan.

### WAT IS PAKISTAN?

Pakistan, 'n wensdroom van Mohammedaanse studente voordat dit 'n politieke doelstelling geword het, is afgelei van P vir Punjab, A vir die Afghane of die noord-westelike grens, K vir Kasjmier, S vir Sind en TAN van Baluchistan. „Pak" beteken ook „suiwer" en „stan" beteken „Land van die Suiweres". Volgens 'n onlangse definisie van die Mohammedaanse Bond sluit hierdie „Land van die Suiweres" die provinsies in van Punjab, Sind, Baluchistan, die noord-westelike grensprovinsie (almal in noord-westelike Indië) Assam en die grootste gedeelte van Bengale (in noord-oostelike Indië). Jinnah het selfs so ver gegaan om 'n een-duisend-myl lange korridor dwars oor Indië te bepleit ten einde die twee Mohammedaanse gebiede met mekaar te verbind.

### DIE GEVARE VAN PAKISTAN

Uit bostaande is dit duidelik dat die ongeveer 100 miljoen Mohammedane en die ongeveer 300 miljoen Hindoes nie apart in aparte grondgebiede, geskei deur duidelike territoriale grense, woon nie. Word Jinnah se Pakistan werklikheid, dan sal ook Indië sy Poolse korridor en sy Sudetenland hê en die ondervinding in Europa het geleer hoe lastig dergelike vraagstukke kan word. Die hele Pakistan-gedoente is egter verklaarbaar: dit is die uiting van 'n natuurlike vrees by die Mohammedaanse minderheid vir die oorheersing van die groot Hindoe-meerderheid. Hierdie vrees het ook sy oorsake in wantroue en agterdog en geen Indiese federasie nie wat 'n ruime mate van gewestelike outonomie aan die verskillende state en provinsies skenk, kan 'n botsing tussen Mohammedane en Hindoes vermy nie. Dit lyk dus nie uitgesloten dat inwendige verdeeldheid, botsing en selfs burgeroorlog weereens, soos in die verlede, die Indiese geskiedenis sal ontsier nie, selfs al word die Britse voorstelle aanvaar.

### JINNAH EN DIE TOEKOMS

Veel sal afhang van die rol wat die Mohammedaanse Bond gaan speel en van die leiding wat Jinnah gaan gee. Sal kaste- en godsdiens-vooroordele plek maak vir ware Indiese nasionalisme? Gaan Indiese nasionalisme wat die einde van Britse heerlikheid in Indië bewerkstellig het, weer deur interne stryd ontsier word sodra die Britse faktor verdwyn het? 'n Mens sou graag wil weet in hoeverre die Britse politiek in sy toegeeflikheid teenoor Indië, al is hierdie toegeeflikheid ook noodgedwonge, met toekomstige Indiese verwarring en magteloosheid rekening hou.

Hoe 'n mens ook al oor die toekoms van Indië spekuleer, is dit op die oomblik sonder twyfel die Mohammedaanse leier Jinnah wat die mag het om die Britse voorstelle te verongeluk of te verwesenlik. Hoewel sy eis om Pakistan deur die Britte van die hand gewys is en die oorgrote meerderheid Indiërs, en veral Gandhi en die Hindoes, hierdie Britse daad toejuig, moet die invloed van Jinnah nie onderskat word nie. Vir Jinnah die onbestrede leier van 100 miljoen Indiese Mohammedane — en die Britse Indiese leër bestaan veral uit Mohammedane — is Pakistan nog lang nie dood nie. As oortuigde voorstander van die twee-nasies-idee vir Indië, is daar baie faktore, nie alleen van godsdienstige nie maar ook van ekonomiese, politieke, sosiale en historiese aard wat Indiese verdeeldheid in die hand werk. Behalwe die gemeenskaplike haat teen die Britte en die liefde vir die vaderland het Jinnah en sy 100 miljoen Mohammedane weinig gemeenskapliks met Gandhi en sy 300 miljoen Hindoes.

Die Indiese pot is aan die kook en die Indiese drama is nog nie afgespeel nie. Op die oomblik is dit die „veragte" ou Gandhi en sy Hindoes wat die oorwinning in Indië behaal en nie die elegante Jinnah en sy Mohammedane nie. Vir Suid-Afrika met sy Indiër-vraagstuk behoort die ontwikkelings en verwikkelings in Indië buitengewoon spannend te wees. Veertig jaar gelede het 'n jong Transvaalse minister en 'n jeugdige Indiese regsgeleerde met mekaar oor die Indiese vraagstuk gebots. Vandag sukkel genl. Smuts nog met die Indiër-vraagstuk, terwyl Gandhi, met wie genl. Smuts veertig jaar gelede gebots het, oor 'n lydingsweg en deur tronke, met nasionalisme as sy vernaamste bondgenoot, geseëvier het, ja wonderlik geseëvier het, soos dit op die oomblik lyk.

## Buitelandse Oorsig


NOORD-TRANSVAAL

## Reisplan van Generaal J. A. Smith

Adjunk-Kommandant-generaal

Genl. J. A. SMITH sal die volgende plekke op die datums genoem besoek en vergaderings toespreek:

| | |
|---|---|
| BRITS | SATERDAG, 8 JUNIE |
| RUSTENBURG | DINSDAG, 11 JUNIE |
| KOEDOESKOP | VRYDAG, 14 JUNIE |
| ELLISRAS | SATERDAG, 15 JUNIE |
| POTGIETERSRUST | DINSDAG, 18 JUNIE |
| PIETERSBURG | WOENSDAG, 19 JUNIE |
| LOUIS TRICHARDT | VRYDAG, 21 JUNIE |
| TZANEEN | SATERDAG, 22 JUNIE |
| LYDENBURG | DINSDAG, 25 JUNIE |
| ROOSSENEKAL | VRYDAG, 28 JUNIE |

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Nuwe Generaalskap In Boland

**Hoofkomdt. Willie Marsh, wat die eer het om die allereerste ingeskrewe brandwag in die Paarlse afdeling te wees, is op Donderdagaand, 2 Mei, op las van die Gebiedsleier en onder die geesdriftige applous van sy offisiere, deur hoofgenl. Max Smuts ingestel as generaal van die pasgestigte generaalskap A18.**

Generaal Marsh is reeds ywerig aan die werk om sy generaalskap kragtig te organiseer.



GENL. WILLIE MARSH.

Op Woensdag, 1 Mei, is ten huise van hoofgenl. Max Smuts, die Franschhoekse Kommando's gereorganiseer. Hfgenl. Smuts het sedert sy bevordering tot hoofgeneraal aangebly as kommandant van hierdie kommando.

Nadat die kommandorade van die manne- sowel as vrouekommando's saamgestel is, is veldk. J. Hugo en sy eggenote, die aftredende kommandante, eenparig benoem tot kommandant en kommandante onderskeidelik.

Die mooi onderskeiding val hierdie kommando's te beurt dat die burgemeester en burgemeestersvrou aan hul hoof staan!

Op Donderdagaand, 2 Mei, is die reorganisasie in die O.B.-Vriendskapsentrum te Paarl voortgesit. Nadat die verskillende kommandorade saamgestel is, is die volgende aanstellings goedgekeur:—

S.-Paarl: Manne-kommando: Komdt. Pierre de Villiers.

Wellington: Vroue-kommando: Komdte. mev. K. Retief.

Paarl: Vroue-kommando: Komdte. mev. S. S. Voigt.

NUWE GENERAALSKAP

**Nadat hierdie verrigtings afgehandel is, het hfgenl. Smuts aangekondig dat in oorleg met die Gebiedsleier, en op aanbeveling van genl. dr. S. J. Pretorius besluit is tot die afstigting van hierdie hoofkommandantskap as 'n nuwe Generaalskap.**

As Generaal is deur die offisiere eenparig aanbeveel hoofkomdt. Willie Marsh. Daar hierdie aanbeveling die goedkeuring van die Gebiedsleier geniet, het hoofgenl. Smuts die instellingsplegtigheid op indrukwekkende wyse verrig.

Die staflede van die nuwe generaalskap is: Hoofkommandant C. C. Pretorius, Adjudant E. T. Biesenbach, Kwartiermeester I. Laubscher, Asst.-Hoofkomdte. S. S. Voigt, Waghoofkomdt. C. L. Louw, Jeugkomdt. J. Wahl, Jeugkomdte. M. C. Hofmeyr.

Die kodenommer van die nuwe generaalskap sal wees A18.

**Die reorganisasie in die nuwe generaalskap is voltooi op 14 Mei en 17 Mei, toe die kommando-rade van die Wellingtonse en Noorder-Paarlse mannekommando's, onderskeidelik, vergader het ten huise van raadslede Joubert Cillie, Vrugbaar, Wellington, en Pieter Loubser, Prospect Hill, Agter-Paarl.**

**By hierdie geleentheid is die leiding van die Wellingtonse en Noorder-Paarlse Kommando's toevertrou aan komdte. Krisjan du Toit en André du Toit, respektiewelik.**

Tenslotte 'n woord van opregte dank en waardering aan ons hfgenl. Max Smuts vir sy belangstelling om ons reorganisasie-vergaderings by te woon en aan ons Voorligtingsoffisier, hfkomdt. Willie Laubscher, onder wie se skitterende leiding die hele organisasie so pragtig geslaag het! — (Ingestuur.)

„As die ediksbeker van ons vrywording weer teen ons lippe gedruk word, sal daar, Goddank, genoeg gretige hande binne die Ossewabrandwag wees om dit te gryp en te ledig." — (Die K.G.)

# NUUS VAN DIE WEEK

**WIL HULLE NIE HÊ NIE: Die Administrateur van Suidwes het die waarnemende Eerste Minister, mnr. J. H. Hofmeyr, meegedeel dat hy nie bereid is om die losgelate Duitsers uit Baviaanspoort in Suidwes-Afrika toe te laat nie. Daar is reeds vir tussen 600 en 700 Duitsers huisvesting in die Unie gevind.**

**BAIE WORD KRANKSINNIG:** Daar word elke jaar meer as 2,000 mense in gestigte vir sielsiekes toegelaat, het die Kommissaris vir Geesteshigiëne onlangs verklaar. Na berekening sal daar in die volgende tien jaar sowat 20,000 mense in gestigte toegelaat word. Daar is tans tien inrigtings vir kranksinniges in die land.

**MINDER KOS VIR DUITSERS:** Die Britse besettingsowerheid is van voorneme om die rantsoen van die 10,000,000 Duitsers in sy gebied tot 800 kalorieë te verminder. Dit is soveel as wat die inwoners van die Belsenkamp na bewering gekry het. 2,000 kalorieë word beskou as die minimum voedsel om gesond te bly.

**VRA HULP BY RUSLAND:** Die Arabiese Hoër Komitee het Rusland versoek om die Palestynse vraagstuk voor die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke te lê. Hulle het die Russe gevra om hul agitasie te steun. Die Komitee het verklaar dat die verdrukking van die demokrasie baie erger is as dié van die fascisme.

## KORING

Voor die oorlog, in normale tye, het die lande wat nie genoeg koring vir binnelandse gebruik kon produseer nie, altesaam 13,000,000 ton koring ingevoer. Europa het slegs 4,000,000 ton hiervan ingevoer en dit was genoeg om in al sy behoeftes te voorsien, terwyl hy nou 15,000,000 ton moet invoer. Asië en Afrika het normaalweg slegs 2,400,000 ton koring ingevoer, terwyl nou 11,000,000 ton ingevoer moet word. In die geheel is daar tans 'n behoefte aan 32,000,000 ton koring.

Amerika sal in staat wees om 24,000,000 ton te lewer. Dit beteken dat daar 'n koringtekort van 8,000,000 ton sal wees.

***Die O.B. is die Advertensieblad van die toekoms. Gebruik sy geklassifiseerde kolomme.***





WAARDE VIR GELD

*Van uitstel kom afstel!!*

Spreekwoord tog alte waar. Moet nie uitstel om vandag u drankies van die firma wat 'n reputasie het om te handhaaf, te bestel nie. Vind vir uself uit waarom soveel mense EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE en LIKEURE se uitstaande smaak verkies en staande maandelikse bestellings plaas.

—o—

Die pryslys sal onmiddellik op aanvraag gestuur word.

—o—

EXCELSIOR WYNMAKERY
Posbus 1 — Tel. 902
Telegr.: „Excelsior",
Vlakteplaatsstasie, K.P.

*TOT U DIENS . . .*

Geldenhuys Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng).

**W. Voigt (Edms.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

*Dameshoede . . .*

VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY

Steyns

DIE MODEWINKEL PAROW

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MôREMARK (Posbus 7185) Newtown

DIE MAN MET ONDERNEMINGSGEES
plant
Rose — Vrugtebome — Sier- en Skaduweebome
—o—
ONS BIED DIE BESTE KWALITEIT BOME AAN
—o—
Bestellings stiptelik uitgevoer.
—o—
Lyste en advies gratis.
—o—
ROCKEY KWEKERYE
MABAALSTAD oor Koster.

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

KENNIS IS MAG

*Reik na geleerdheid en mag met minimum moeite en koste deur middel van die MODERNSTE en EENVOUDIGSTE tuisstudiekursusse van die*

LYCEUM KOLLEGE

Wil u 'n Wetsgeleerde word? Of 'n Bestuurder, Sekretaris, Rekenmeester, Joernalis, Naturelle-Administrateur, Snelskrywer(ster), Tikker(ster) of Gewone Sakeman?

BEVEILIG U BESTAAN DEUR

GELEERDHEID

Begin vanwaar u die skool verlaat het. Ons lei ons studente op vanaf Std. VI.

(Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

Naam ..............................

Adres ..............................

Kwalifikasies (Standerd geslaag) ..............................

Kursus waarin u belangstel ..............................

(Std. VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Naturellewet en -Administrasie, Boekhou, Sekretariskursusse, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

LYCEUM KOLLEGE — POSBUS 5482 — JOHANNESBURG

*Nou is u kans!!*

om die jongste Afrikaanse Klankrolprent

*Pinkie se Erfenis*

wat oral besonder groot byval vind, te sien!!

'n Uitmuntende voorprogram word ook aangebied. Neem u kans waar en bespreek u plek dadelik! Die land word tans met drie toer-eenhede bereis.

TOERPLAN:

MAANDAG, 27 MEI
MARCHAND, UITENHAGE (en middag), KLIPPLAAT

DINSDAG, 28 MEI
KAKAMAS, KIRKWOOD, JANSENVILLE

WOENSDAG, 29 MEI
KENHARDT, SANDFLATS, PEARSTON

DONDERDAG, 30 MEI
KEIMOES, ALEXANDRIA, BEDFORD

VRYDAG, 31 MEI
KAROS, GRAHAMSTAD, COOKHOUSE

Maak u SKAPE skoon van WURMS in die WINTER met FEN POEIER (Fenotiasien)

Kry dit by u Ko-operasie of Handelaar of direk van:

Agricura Laboratoria Bpk.

ANDERSONSTRAAT 204 — JOHANNESBURG

## Lees Hier ! !

**„Die O.B." se geklassifiseerde kolomme geniet al meer aandag en tevrede adverteerders oor die hele land verwittig die advertensie-bestuurder gedurig van die uitstekende reaksies wat hulle op hul geklassifiseerde advertensies kry. Brandwagte, „Die O.B." is reeds die nuusblad van die nuwe tyd vir u geklassifiseerde advertensies. Probeer een keer en oortuig uself. U bereik tienduisende lesers oor die lengte en breedte van Suid-Afrika.**

### TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 2d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld** op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar.

Stuur advertensiebestellings en intekengeld aan:
**VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

PEREIRA. — Aan Mnr. en Mev. Antonie Pereira van Kuilsrivier, 'n fris O.B.-dogter op 2 Mei in die Kraaminrigting.

VAN DER MERWE. — Aan Wollie en Marie (geb. Mouton) 'n fris O.B.-dogter en speelmaat vir Hannette, op 6 Mei. Ons bedank die personeel van die Kraaminrigting Worcester baie hartlik.

### HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

OOSTHUIZEN—JOUBERT. — Die huwelik van Anna, dogter van mnr. en mev. C. Joubert, Rhosstraat, Bellville, en Hennie, seun van mnr. en mev. A. Oosthuizen, Droogekloof, Prins Albert, vind (D.V.) plaas op Saterdag, 25 Mei, te Bellville, om 3 n.m.

### GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n bsonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

### BETREKKING VAKANT

**SKOFMEULENAAR** vir Plattelandse meul om so gou as moontlik te begin. Moet goeie ondervinding hê; ook goeie getuigskrifte kan toon. Doen aansoek by: CERES ROLLER MEULE, Ceres.

### BENODIG

**PLAASVOORMAN.** — Ongetroude plaasvoorman benodig vir gemengde boerdery. Wingerd hoofsaaklik. Salaris £10 per maand en alles vry. Goeie vooruitsigte vir die regte persoon. Doen aansoek by: J. F. J. DU TOIT, Posbus 96, Malmesbury.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**HERHOLDT se JUBILEUM PERSKE.** — Die gevierde „Kersfees Elberta", profyt-bringer vir die vrugteboer; genotvol in die huisboord. Voorkom teleurstelling. Plaas u bestellings nou vir ons beroemde swaardraende Vrugtebome. ROSE van bekoorlike prag in kleurryke sorterings. Pryslyste vry. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

**GROENTESAAD.** — Vars, gesertifiseer. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Chantenay Wortelsaad, 7/6; Detroit Beet, 7/6. — Skryf om volledige pryslys. **Handelsnavrae verwelkom!** — KAROO SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

**SAADAARTAPPELS.** — „Pippinmerk Katahadan Canadian Green Mountain", eerste na ingevoerde, teen £2 per 153 lb.-sak, gekweek op droë land met die beste resultate. Tevredenheid gewaarborg. — Navrae: M. T. FERREIRA, Bus 9, Sandflats.

**GROENTESAAD.** — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King" 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

### GEMENG

**KONTRAKTEUR EN ALGEMENE HANDELAAR.** — D. S. du Toit, Armoed Oudtshoorn. — Kontrakteur: Dors-, ploeg- en skraapwerk met moderne masjinerie — Algemene Handelaar: Lusernsaad, lusernhooi, heuning, amandels, ens. — Navrae: Enige Karoo-produk verwelkom.

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**TRANSPORTDIENS.** — Indien u moet verhuis, raadpleeg ons vir die vervoer van u meubels. Ons doen alle soorte karweiwerk en staan bekend vir flinke transportdiens. Foon 989501. J. A. MARAIS, Alexandraweg 115, Parow.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertroë. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

### ELEKTRIESE WARE

vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, PAARL. Foon 354.

### GENEESMIDDELS

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

**GRYSHARE** tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruiebehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU." Bus 7559, JOHANNESBURG.

### RUMATIEK

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

**PETRA-MEUBELS BPK.**—Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK. en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

### TE KOOP

**ERWE.** — Twee onbeboude erwe by die Kelders. Enigste seefront-erwe, naby Kelders-Hotel nog verkrygbaar. Eienaar betaal £200. Eerste tjek van £185 kan dit kry. Skryf aan: P. J. De BRUYN, Stormsvlei, Caledon.

**GRADEERDER.** — Een appel- en lemoen-gradeerder. In goeie werkende orde. £10 of naaste aanbod. Doen aansoek by: A. BELLINGAN, Posbus 66, Kirkwood.

**HEERLIKE BOSSIETEE,** eersteklas kwaliteit. 100 pond 35/-; 50 pond 18/6; 25 pond 10/-, v.o.s. ons stasie. 10 pond pakkette 6/- posvry Uniestasies. MELVILLE BROERS, HUMANSDORP.

**PATATS.** — Matige vers sesmaande Patats word u aangebied teen 15/- per sak K.M.B. — Skryf aan: S. P. GERBER, Ps. Serpentine, George.

**RYPERD.** — Ses jaar oud trippelaar. Donkerbruin, 14 hand hoog. Prys £45. Gelewer op naaste stasie. Skryf aan: Mnr. L. VAN NIEKERK, Bothashalt.

**SOUT.** — Ondersteun u mede-Afrikaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.

**SOUT.** — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER EN DU PLOOY, Possak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.

**SOUT.** — A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, gelaai in goeie sakke. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaai. — Mev. F. DE BEER, Rusplaas, P.K. FLORISBAD.

**STOFSUIER.** — 'n Eersteklas Stofsuier (32 volt) met borsels, in perfekte werkende orde. Prys £20. Doen aansoek by: J. F. J. DU TOIT, Posbus 96, Malmesbury.

**SWINGELS.** — Muilswingels teen 5/6 en donkieswingels teen 5/-. Botteiskeie teen 3/9. Vierkantige koppe teen 4/6. — KOOS BOTHA, P/s. Serpentine, dist. George.

## Aan Die Werk Vir 8 Augustus

Die kommandante van Hopefield, mev. J. H. V. du Toit, berig dat haar kommando volstoom werk vir 8 Augustus (O.B.-dag). Hulle gaan die dag vier in die vorm van 'n groot braaivleisaand waar allerlei goed te koop aangebied sal word. Sy is reeds besig met naaldwerk en maak van afvallappe rokkies, onderkleertjies, borslappies, ens. Soms word tot drie soorte materiaal gelas, wat nogal baie oulik lyk.

Van 'n ou baaibroek word by voorbeeld 'n jassie met kappie gemaak, wat gretig deur die aias gekoop word daar hulle maar alte bly is om iets goedkoops in hande te kry.


**MARKAGENTSKAP**
**VROEE MORE-MARK**
**KAAPSTAD**

**Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang**

**Beste heersende pryse**

**MINNAAR EN VAN SCHOOR**
**Eienaar: GUSTAV RETIEF**


**TAFEL-AARTAPPELS.** — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

**TAFEL-AARTAPPELS.** — Vars tafelaartappels, graad 1. Tevredenheid gewaarborg. 30/-. Okkerneut-grootte, uitstekend vir saad, 30/- per sak. Onmiddellike aflewering. V.O.S. Petrusburg. Kontant. — J. F. VENTER, Bosmansput, PETRUSBURG, O.V.S.

**TUIE.** — Vir eersteklas kar- asook spanne muil- en donkietuie, riempienaat en gebreide Malmesbury-leer (alles handwerk) raadpleeg: S. J. VAN RENSBURG, Adderleystraat 107, Oudtshoorn.

**VERSE.** — Weens tekort aan voer, bied ek 5 tweejaaroud Jerseyverse en 1 Friesvers aan op spoor gelewer teen £7 10s. (sewe pond tien shillings) stuk. Vader geregistreer en moeders uitstekende melkkoeie. Op ontvangs van eerste tjek stuur ek verse aan. Skryf aan: T. S. BRUWER, Koedoeskloof, Ladismith, Kaap.

**WAGHONDE.** — Die volgende soorte waghonde is van tyd tot tyd ophand en bestellings word ingewag. Moenie aarsel nie, skryf dadelik, u kry die waghond waarop u trots sal wees. Ek het talle briewe ontvang van tevrede eienaars van my honde. Hulle word mooi en groot, goed geaard en gehoorsaam.

Duitse Mastiff, reuns £5, tefies £4. Great Dane, reuns £5, tefies £4. Duitse Mastiff x Great Dane, Duitse Mastiff x Bull Mastiff, Duitse Mastiff x Mastiff, Airedale x Irish Terrier, Airdale x Bull Terrier, reuns £3 10s. tefies £2 10s. K.m.b. v.o.s. Wakker-, stroom. Skryf aan: D. J. ROBBERTSE, „Tempest Kennels", Bus 91, Wakkerstroom.

### PLUIMVEE

**DAGOUD-KUIKENS.** — Verkrygbaar elke week: Dagoud-kuikens vanaf Mei tot einde Oktober. Enige hoeveelheid. Dadelike aflewering, van Australorps en Leghorns en ook Leghorn-Australorpkruis. Almal gebroei van uitgesoekte henne met hoë eierproduksie. Prys 06 per 100. K.B.A. of K.M.B. Ook broeiplek teen 15/- per 100 eiers te kry in my masjiene met ruimte vir 40,000 eiers. — H. R. MALAN, Weltevrede-Pluimveeplaas, Pk. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.

**HANE.** — Teel u eie dagoud-kuikens en gebruik jong hane wat goeie konstitusie-, hoeveelheid- en grootte van eier-eienskappe besit. Almal spesiaal uitgesoek deur Goewerments-pluimveedeskundige. W. Leghorns £2-2 Australorps £2-5-0 stuk. — EBENHAESER-PLUIMVEEPLAAS, Jammerdrif.

### WYNE

**VYF GELLING** Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s 6d.; 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

# Vinniger Per Trein as Per Telegram

**Onder die dekmantel van oorlogsdrukte het die publiek in die afgelope jare te kampe gehad met 'n uiters onbevredigende pos- en telegraafdiens. 'n Jaar ná beëindiging van die oorlog is daar nog geen verbetering te bespeur nie.**

Veral die Ossewabrandwag moes dit ontgeld, blykbaar onder die hande van beamptes wat oorgeloop het van oorlogsywer. **Talle posstukke het die O.B.-kantore nooit bereik nie. Wanneer navraag gedoen is, is na die sensor verwys as 'n moontlike oorsaak van vertraging — wat in baie gevalle verdwyning beteken het.**

'n Paar weke gelede nog is 'n perstelegram aan Die O.B. uit Johannesburg gestuur wat ons op die derde dag na afsending eers bereik het. **Die telegram is die Vrydagmiddag daar ingehandig, maar het eers Maandagoggend die redaksiekantoor bereik.**

TREIN VINNIGER

In geval van gewone telegramme is die vertragings so groot dat dit nie raadsaam vir iemand is om 'n telegram te stuur op die dag wanneer hy per trein vertrek na 'n plek waar hy binne 20 uur aankom nie, behalwe as hy verkies om dit aan homself te adresseer, want hy sal betyds daar wees om dit self te ontvang.

Dit gaan dikwels gouer om 'n afstand van 200 myl per motor af te ry as wat 'n telegram neem oor dieselfde afstand.

Op navraag by die poskantoor in Kaapstad het geblyk dat daar 'n groot tekort aan opgeleide amptenare is.

Telegramme van gelukwensinge wat oor die naweek ontvang word word dikwels per pos gestuur. Dit gaan gouer.

## VREDE BLY UIT

Die konferensie van ministers van buitelandse sake in Parys tussen Amerika, Rusland, Engeland en Frankryk, het na drie weke van vrugtelose beraadslaging oor die vredesvoorwaardes uiteengegaan. Geen ooreenstemming oor enige belangrike saak is verkry nie. Hulle gaan weer op 15 Junie probeer.

Daar is van Amerikaanse kant voorgestel dat die vredeskonferensie in November gehou moet word, maar selfs hieroor is geen eenstemmigheid bereik nie.

## R.A.F.'S GENIET VOORKEUR NA SUID-AFRIKA

Daar is totsover 5,000 aansoeke van persone in Engeland by die kantoor van die 1820 Settlers' Association ontvang wat na Suid-Afrika wil emigreer. Van die 170 wat reeds uitgesoek is, is byna almal lede van die R.A.F. wat tydens die oorlog in die Unie was. **Hulle het reeds in die land aangekom. Intussen is daar nog 6,000 Suid-Afrikaanse soldate in die buiteland wat wag op repatriasie.**

## SPANJE SE HOUDING

Toe die Duitsers aan die grens van Spanje gestaan het, het Brittanje Spanje gesoebat om nie toe te laat dat die Duitse troepe deur Spaanse gebied trek nie. Spanje het deurgang aan die Duitsers geweier en so is Engeland gered, het genl. Franco onlangs verklaar. Hy het ook daarvan gewag gemaak dat Spanje gepoog het om langs diplomatieke weg te verhoed dat Pole binnegeval, en so versnipper word. Spanje kon nie daarin slaag nie.

Genl. Franco het beklemtoon dat Spanje hom nie sal laat beinvloed van buite af wat sy binnelandse aangeleenthede betref nie.


**Vennootskap Aangebied**

AFRIKANER met £3000 kapitaal vir FLORERENDE BESIGHEID in sy SESDE JAAR VAN BESTAAN, omhelsende MEUBELWINKEL, MEUBELFABRIEK en SAAGMEULE, in sentraal-geleë dorp met groot toekoms. Vennoot moet goeie besigheidsin besit en aktief kan deelneem. TE VEEL WERK VIR EEN PERSOON.

Doen aansoek by:
**A. MAREE,**
**Scholtzstraat 54, Lichtenburg.**



## Saadaartappels

Mooi gesonde Arran Chief-Moere, van 1 tot 5 onse groot. Ek waarborg moere. Beter as Gesertifiseerde B. 1 tot 9 sakke £1-17-6; 10 en meer sakke £1-15-6 per sak. Bestel dadelik.

**GEO. TERBLANCHE**
**Uitkyk**
**P/k. Sinksabrug, dist. George.**


KENNISGEWING

VERLORE POLIS

Naam en adres van versekeraar:

Suid - Afrikaanse Nasionale Lewens Assuransie Maatskappy Beperk. Hoofkantoor: Waalstraat 28, Kaapstad.

Polis No. 244702 vir £1,000 gedateer 1ste Mei 1942, op die lewe van WILLEM EDUARD BOK en die eiendom van Willem Eduard Bok.

HIERMEE word bekendgemaak dat bewys aan die versekeraar gelewer is van die verlies of vernietiging van hierdie polis, en enigeen wat in besit van die polis is, of aanspraak maak dat hy enige belang daarin het, moet onmiddellik per geregistreerde brief met die versekeraar in verbinding tree. By gebreke van so 'n mededeling, sal 'n gewaarmerkte afskrif van die polis (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees) aan die eienaar uitgereik word.

M. S. LOUW,
Mede-Hoofbestuurder.


## VIR BOERE

**GEDRUKTE DIENSKONTRAKVORMS (Vorm T.O.D. 1)**

Memorandum van ooreenkoms tussen die boer en sy plaasvolk. Spesiaal opgestel om die boer 'n wetlike grond vir klagte te gee indien moeilikheid met werkvolk ondervind word.

**Prys 5d. per vorm of 4/9 per dosyn posvry.**

Stuur u bestellings, vergesel van die nodige bedrag, aan:

**TRANSORANJE-DRUKPERS BPK.**
POSBUS 73 — BETHLEHEM

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van Woensdag, 22 Mei 1946.

# Die Maand Mei
## Deur
## VREDESDAE GEKENMERK
## VE.-DAG, 31 MEI 1902 EN 30 MEI, HEMELVAART

**'n Jaar na die laaste oorlog en nog geen wêreldvrede nie; 44 jaar na die Vrede van Vereeniging en nog g'n vrede vir die Afrikaner in sy enigste tuiste nie.**

**Maar temidde van al hierdie chaos roep die Vredevors ons vanjaar luider as ooit toe: „Vrede laat Ek julle na, my vrede gee Ek julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek vir julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie."**

Dis al 'n jaar gelede dat Duitsland tot onvoorwaardelike oorgawe gedwing is en dat Japan deur die verskrikking van die atoombom tot dieselfde stap moes oorgaan. Italië het al eerder geswig. Amerika Rusland en Engeland het die slagveld behou. Maar vrede is dit nog nie. Die volke wat verloor het, moes hulle onvoorwaardelik oorgee. 'n Mens sou dink dat onder dié omstandighede die oorwinnaars sonder al te veel moeite die buit kon verdeel en dan verder meewerk om die swaargeteisterde ou aardbol so spoedig moontlik tot normale omstandighede terug te voer.

Wat is egter die geval? Daar is vandag groter onrus en gisting as ooit. Dit lyk of die grotes mekaar nie vertrou nie. Hulle kan nie eers behoorlik saampraat nie; so elke hawerklap neem die een sy hoed en stap uit.

Hoekom dan so? Die rede val nie ver te soek nie. Rusland het nou eenmaal sy eienaardige idees waarmee Amerika en Engeland geen vrede kan hê nie. Het hulle dit dan nie lankal geweet nie? Toe Hitler se Duitsland vir hulle teen Rusland gewaarsku het, het hulle Rusland gehelp om Duitsland kaf te loop. En nou? Die toekoms lyk donker, ook vir ons. **Want Rusland se lewensbeskouing en ideale is ook vir ons 'n gevaar. Vir die Rus bestaan daar b.v. geen onderskeid ten gevolge van verskil in ras of kleur nie. Daarby is Rusland 'n uitgesproke vyand van die Christelike godsdiens.**

**Terwyl Amerika, Engeland en Rusland met mekaar oorhoop lê en Frankryk probeer om Spanje in onguns te bring, kook dit nog steeds in China en ontplof dit in Palestina. In laasgenoemde land is sowel Jood as Arabier vir Engeland kwaad. Engeland het in sy uur van nood aan albei beloftes gedoen en nou het die betaaldag aangebreek. Ook Egipte wil liewer die laaste van die Engelse sien, terwyl Indië al harder saamsing in hierdie koor: „Vat jou goed en trek, Ferreira."**

Terwyl die volke rusie maak, staan die hongerspook voor die deur. Ook vir Suid-Afrika. Jarelank is op 'n gruwelike skaal gemors en verkwis, en nou moet die wêreld die gelag betaal.

Wat gebeur intussen in Duitsland? Voormalige leiers staan as oorlogsmisdadigers tereg. Russe, Amerikane, Engelse en Franse regeer stuksgewys die land. En die Duitsers? Van hulle verneem ons nie veel nie, net so nou en dan dat die Duitse Jeug blykbaar nie van plan is om in die toestand te berus nie. Nie dat hulle op die oomblik daar veel aan kan verander nie.

Hier in ons land vier ons gedurende Mei Empire-dag en Unie-dag. Noudat koek en lekkers skaars is, sal daar seker nie veel van 'n viering wees nie. Maar al was koek en lekkers volop, kan ons wat Boere is, daardie dae tog nie „vier" nie. **Of word dit van ons verwag om op 24 Mei lekker te kry dat ons aan 'n Empire behoort wat ons al tweemaal in 'n wêreldoorlog gedompel het?** En Uniedag? Het die Unie van 1910 die Afrikaners dwarsdeur ons land nader aanmekaar gebring as wat Majuba en die tweede Vryheidsoorlog gedoen het? Het dit van die Natallers en die Vrystaters boesemvriende gemaak? Die Boerevolk was lank voor 31 Mei 1910 al een, en dit ten spyte van al die verdelende invloede. **Nee wat, 31 Mei, 1910 laat ons betreklik koud. Maar 31 Mei, 1902 krap ons nog steeds om. Die vrede van Vereeniging — 'n vrede wat vir die Afrikaner nooit 'n vrede was nie. 1910 kon die wond van 1902 nie heel nie.**

Gelukkig het Meimaand tog darem een dag met 'n boodskap van ware vrede. 30 Mei is Hemelvaartsdag. Op daardie dag gedenk ons die hemelvaart van die Vredevors na volbragte taak op aarde.

**En 'n verskeurde en verhongerende wêreld sal alleen dan weer ware vrede vind as sy volke in ware ootmoed en skuldbesef die knie voor Hom buig. 30 Mei versoen ons met al die skynvredes waarvan die maand getuig, want dit laat ons berus in die wete dat „God regeer."**

## Boereresep-Kompetisie

Sal die dogter wat 200 verskillende resepte vir die ou Boereresep-kompetisie ingestuur het en waaronder Maria's Vingerhoed en Martha's koek sorteer asb. onmiddellik haar naam en adres na Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom, stuur.

Die uitslag van die kompetisie sal op 5 Junie verskyn.

## TOETS U O.B.-KENNIS
### II.

1. Deur watter volksgebeurtenis is die idee van die Ossewabrandwag geïnspireer?
2. Wie is die K.G. en die A.K.G.?
3. Gee die indeling van 'n Boerejeugveldkornetskap (seuns of dogters). Wat van die Boerekleingoed?
4. Noem die verskillende offisiersrange (vroue ingesluit) in die O.B. in volgorde van senioriteite.
5. Noem die gebiede waarin die O.B.-organisasie verdeel is met vermelding van die streek wat elkeen insluit en die plekke waar drie van die Gebiedskwartiere gevestig is.
6. Wat is die verskil in tekens tussen 'n Jeugveldkornet, Jeugkommandant en Jeughoofkommandant se rangbande?
7. Teken die O.B.-vlag met aanduiding van kleure. Hoe verskil dit van die ou Republikeinse Vierkleur?
8. Teken die Boerejeugkenteken.
9. Waarom vier ons 27 Februarie?
10. Deur wie sal die President in die toekomstige Volkstaat gekies word?

(Antwoorde moet Boerejeughoofkwartier voor 6 Junie bereik.)

## Antwoorde: Toets I

1. C. J. Langenhoven en M. L. de Villiers.
2. H. J. Klopper.
3. Dr. J. D. Kestell.
4. Dr. N. Diedericks.
5. Anton van Wouw.
6. Die 26,370 vrouens en kinders wat as gevolg van die oorlog 1899—1902 gesterf het.
7. Pres. M. T. Steyn, Genl. C. de Wet, Dr. J. D. Kestell.
8. Die staatsman, die vegsman, die Godsman.
9. Die Gelderland.
10. Koningin Wilhelmina van Nederland.

### VERJAARDAGKETTING

23 MEI: Pieter Pretorius, Brits; Mercia Geldenhuyse, Sutherland; Gert Marais, Humansdorp; Daniel van Wyk, Fraserburg; Koos van der Westhuyzen, Loxton; Casper van Wyk, Paarl.

24 MEI: Johannes de Wet, Aughrabies; Johanna Hoon, Carnarvon; Magaretha de Klerk, Marchand; Elisabeth Rossouw, Aughrabies; Anna van Vuuren, Mamagalieskraal.

25 MEI: Theunis Swart, Bochem; Louis van der Westhuizen, Kaapstad; Joey van Rensburg, Upington; Anna van Wyk, Fraserburg; Antonette Koch, Strand.

26 MEI: Christie Wheeler, Bethlehem; Nicolaas Janeke, Frankfort; Annamari van der Merwe, Kromrivier; Wessel Marais, Port Elizabeth; Joseline Smit, Bellville; Wilma Marais, Kirkwood; Thomsina Els, Pearston; Magaretha le Roux, Goudini; Mareanna Nel, Beaufort-Wes; Andresina Rossouw, Humansdorp; Cornelia Venter, Scheunsdrift.

27 MEI: Hildegarde Müller, Johannesburg; Anna Coetzee, Bosbokrand; Mathijs le Roux, Koedoeskop; Phenia Meyer, Ruytersbosch; Sarie Goosen, Nababeep; Jacobus Bredekamp, Ceres; David Herselman, Tarkastad.

28 MEI: Gerhard de Jager, Utrecht; Hester Grobbelaar, Vryburg; Martha Goosen, Tiervlei; Sophia Grobbelaar, Vryburg; Esme Riedemann, Carnarvon; Charles Engelbrecht, Alheit; R. Rademeyer, Oudtshoorn; Karel Thuysse, Oudtshoorn; Willie Jooste, Hauptsrust; Cecelia de Jager, Boshoek.

29 MEI: Johanna Erasmus, Rustenburg; Angus Weilbracht, Dendron; Marie du Toit, Wellington; Van Zyl Terblanch, Bellville; Pieter Hanekom, Alheit; Willina de Klerk, Marchand; Casper du Toit, Frankfort.

# Amptelike Kennisgewings

**(DEUR DIE JEUGLEIER.)**

**Vir algemene inligting word die volgende laertrekke wat vir alle lede van die Boerejeug bo 13 jaar, gedurende 1946 gehou sal word, bekendgemaak.**

**GEBIED A: Franschhoek. 14 tot 21 Desember 1946.**

**GEBIED B: Boesmansriviermond. 14 tot 21 Desember 1946.**

**GEBIEDE C, D, E, F. Pretoria of Rustenburg area. 5 tot 14 Oktober 1946.**

**Offisiere moet nou reeds met die oog op hierdie laertrekke in hulle afdelings begin organiseer. Bevele met besonderhede sal later uitgereik word.**

# SPOORSNY

As gevolg van die entoesiasme en plesier wat hierdie opelugspeletjie opwek, het ons besluit om 'n reeks spoorsnytekens veertiendaagliks te publiseer. Meeste van hulle is alom bekend, maar terwille van die oningeligtes sal ons van vooraf begin. Met hierdie tekens as basis kan elke veldkornetskap verdere tekens uitdink. Enige oorspronklike tekens vir spoorsny kan julle aan Boerejeughoofkwartier opstuur sodat ons alles later in 'n Boerejeughandleiding oor Veldwerk kan saamvat. Nadat al die verskillende tekens verskyn het, sal ons ook speletjies waarin dit toegepas kan word, publiseer. Lê dus sommer van vandag af vir julle 'n Veldwerkboekie aan.




### A. VELDSEINE

**1. Tekens op die grond:** Hierdie tekens hoef nie noodwendig net op die grond getrek te word nie, maar kan met stokke en takkies gelê word soos in fig. 6.

# Malmesburyseuns Trek Laer

Vanaf 19—22 April is onder leiding van veldkornet C. Hanekom 'n besonder aangename laertrek op die plaas van genl. Moorrees van Aarde gehou.

Benewens vlagparade-oefeninge en laerinspeksie is lesings afgewissel met Landsdiens wat veral kakiebosuitroeiing en houtsaag ingesluit het.

Sokker, span- en groepspele ratsheidoefeninge en swem het alles daartoe bygedra om die groepsgees te versterk.

As koskoker het Kosie Hanekom opgetree (die dogters onthou hom seker nog) en hy daag enige dogter vir 'n koskookkompetisie uit. Dus, hier is 'n kans vir vir die dogters om te kom wys wat hulle kan doen met ons gebiedslaertrek te Franschhoek in Desember.

Maar om die kampvuur met die sing van O.B.-liedere, grappies en storievertellery — om nie eens van die solos en voordragte te praat nie — het die werklike gees van „Ons is kamerade in die „Boerejeug" sy toppunt bereik.

Hfkomdte. van Aarde word hartlik bedank vir haar praatjie asook die veldprediker hoofkomdt. P. J. Loubser en al die ander wat deur hulle hulp die laer so 'n sukses gemaak het.

## Die Wedstryd



Voetbal na die reën op Rhenosterkop.

**HET U AANDELE IN DIE PERS WAT DIE GEDAGTE VERKONDIG VAN „EEN VIR ALMAL EN ALMAL VIR ELKEEN"?**

**Skryf aan Die Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad**

# Duitsland Onder Hiel Van Wrekende Jode

**'n Strawwe waarskuwing aan die adres van die westerse Geallieerdes dat hulle besig is om Duitsland in die arms van die bolsjewisme te jaag, is vervat in Review of World Affairs, onder redaksie van die goed-ingeligte Kenneth de Courcy.**

Hy verklaar dat daar niks gedoen word om die simpatie van die Duitsers te wen nie, en dat die houding is: „Wel, die Duitsers is verslaan, en wat maak dit saak?" Maar intussen is Rusland besig om elke beweging dop te hou en binnekort sal hy baie maklik op die gevoel van hierdie groot massa mense in die hartjie van Europa kan speel.

**„Een van die grootste gevare in die wêreld vandag is dat ons 'n wanhopige, oorwonne, uitgehongerde Duitsland — maar 'n Duitsland met 'n geweldige potensiaal — in die arms van Rusland kan dryf", verklaar hy.**

Hy gee die volgende belangwekkende verklaring van 'n bekeerde Jood wat aantoon hoe die Geallieerdes toelaat dat haatoorstelpte Jode in Duitsland huishou:

### JODEWRAAK

„Hy (die bekeerde Jood) het my vertel . . . dat hy alle rede het om die Duitsers te haat, maar dat hy die Christelike geloof aanvaar, met 'n Christin getrou, en hom by die militêre bewind gevoeg het ten einde te help aan die opbou van 'n beter Duitsland in 'n beter Europa. **In die eerste stad waarin hy geplaas is, het hy gevind dat die merendeel van sy kollegas politieke vlugtelinge van 'n slegte tipe was wat slegs met twee begeertes vervul is — om weerwraak op enige moontlike manier te neem en om geld te maak, ook op enige manier. Hy het dit beskou as 'n slegte voorbeeld. Tot sy ontsteltenis het hy dieselfde ding in die volgende dorp gevind en die volgende dorp en die volgende . . . ."**

Hy het die vraag gestel of dit wys is om hierdie soort mense na Duitsland te bring, en bygevoeg: **„Ek glo dat die verskriklikste flaters begaan is deur die Geallieerdes en ons stuur op 'n ramp af. Ek glo nie die mense in Engeland weet by benadering wat hier aangaan nie. Dit is nog nie te laat vir die Geallieerdes om hul beleid te verander nie, maar die tyd word baie kort, en eerlang sal dit te laat wees." Aldus die getuienis van 'n Jood self.**

## „Verskriklike Flater"



Volgens die getuienis van 'n bekeerde Jood is dit mense soos hierdie wat vandag belas is met die bestuur van Duitsland. Die foto toon Joodse konstabels in Berlyn. Kyk meegaande berig.

## Regering Aanvaar Rantsoenstelsel

Nadat daar 'n paar jaar lank aangedring is op 'n beter distribusie van voedsel onder die stedelike bevolkings, het die regering verlede week op advies van 'n Brit wat drie weke in die land was, besluit om tot 'n behoorlike rantsoeneringstelsel in die nege groot stede oor te gaan. Dit geld in die eerste plek vir brood en meel.

'n Verslag van sir Henry French waarin die aanbevelings gedoen word, is deur die Eerste Minister ter tafel gelê en aanvaar.

**Dr. H. J. van Eck, een van die bekwaamste manne in die land is belas met die taak in die hoedanigheid as voedseldirekteur. Distribusie van voedsel is tydelik van die Departement van Landbou geskei.**

Die rantsoen is gestel op 8 onse brood per kop per dag — wat heelwat meer is as wat baie gesinne vandag in die groot stede ontvang. In plaas van brood kan 6 onse meel of 10½ onse mieliemeel geneem word.

Die skema sal na verwag word drie maande neem en byna 'n half miljoen pond kos om in werking te kom.

**BURGEROORLOG IN PERSIË:** Gewapende magte van die Iraniese ergering het die rebelle-provinsie Azerbaijan binnegeval op 'n punt naby Koerdistan, berig Sapa-Reuter. Die Russiese troepe het reeds Azerbaijan ontruim.

# STAATSAMPTENARE VOEL IN DIE NEK GEKYK

**Groot ontevredenheid oor die aangekondigde salarisskale in die staatsdiens heers dwarsdeur die land en sterk dreigemente word gebruik om uiting te gee aan die misnoeë. In alle groot stede is protesvergaderings gehou teen die aanbevelings van die kommissie, wat twee jaar lank geworstel het om met hierdie kluit in die riet tevoorskyn te kom.**

**In Pretoria het tussen drie- en vierduisend amptenare eenparig besluit, nadat 'n matiger bewoorde mosie verwerp is, dat hulle op 'n sloerstaking sal gaan indien daar nie gehoor gegee word aan hul versoeke nie.**

In sy toespraak het die voorsitter, mnr. H. S. J. van Wyk, gesê dat die staatsamptenaar nou in daardie stadium gekom het waar hy nie meer bereid is om geduldig, gedienstig, gedwee met sy onbenydenswaardige lot tevrede te wees nie.

'n Aksiekomitee van vyf lede is gekies, om die Minister te gaan spreek.

### GRIEWE

Die griewe, soos op die vergadering gelug, kom in hoofsaak hierop neer: Te geringe onmiddellike verhoging; verkeerde wyse van toepassing waardeur 'n amptenaar op die nuwe skaal op die kerf naaste aan sy vorige salariskerf geplaas word; oorvleueling van skale waardeur 'n senior amptenaar soms minder ontvang as 'n ondergeskikte; te lae aanvangskerf vir beginners; geringe lewenskostetoelae en te lae besoldiging vir vrouewerknemers.

### KAAPSTAD

Op 'n groot vergadering in Kaapstad, onder voorsitterskap van dr. S. J. du Plessis, verlede Donderdag, is eweneens sterk taal gebesig.

„Ons gaan nie hierdie keer by ontevredenheid of blote protes berus nie. Ons sal eers konstitusionele stappe doen en as dit nie slaag nie sal ons ander stappe doen," het een van die aanwesige lede onder groot byvalsbetuiging verklaar.

Die aanwesiges het met groot meerderheid van stemme besluit „dat met die oog op die feit dat die toepassing van die nuwe skale tot onbeduidende verhogings, verlies in senioriteit en verwarring sal lei" die regering versoek word om die enigste billike metode van verhoging te volg, nl. om een kerf toe te ken vir elke jaar diens in 'n graad, met behoud van die huidige verhogingsdatum. Daar is geëis dat die aanvangsalarisse van tweedegraadse klerke op £200 per jaar vasgestel word en dié van eerstegraadse klerke tot £425 verhoog word.

### Meer Bedankings

**Vier amptenare, van wie sommige sewe jaar diens het, het verlede week in Kaapstad hul betrekkings in die staatsdiens neergelê as protes teen die aangekondigde salarisskale. Vir hulle en etlike duisende andere het dit onhoudbaar in die staatsdiens geword. „Ons is geskok oor die behandeling en die regering se voorstelle", is verklaar.**

### OUDERDOMSGRENS

Ernstige beswaar is gemaak teen die verhoging van die ouderdomsgrens van 60 na 65 jaar en die voorgestelde vermeerderde pensioenbydrae. Dieselfde vry reisgeriewe en behuisingskemas wat van toepassing is op die spoorwegamptenare, geëis vir staatsamptenare is. Daar is verder versoek dat gesinstoelaes aan amptenare betaal word.

Al hierdie eise sal tesame met dié van die Noorde deur 'n afvaardiigng, bestaande uit amptenare van die Staatsdiensvereniging aan die Minister voorgelê word.

Die vergadering het besluit dat tensy die regering die voorstelle in beginsel aanvaar, die Staatsdiensvereniging van Wes-Kaapland weer 'n vergadering sal belê om stappe te oorweeg.

**Uit 'n ontleding van die nuwe salarisskale blyk b.v. dat 'n amptenaar met twaalf jaar diens £35 per jaar meer kry, terwyl 'n amptenaar met dertien jaar diens en die senior is van eersgenoemde, slegs £13 per jaar meer ontvang.**

Dit het die kommissie twee jaar geneem om met sy verslag voor die dag te kom.

# O.B.-DAG KOM!

**Genle. mev. C. Meyer, Hoofvrou van Gebied C (Vrystaat) doen die volgende oproep in verband met O.B.-dag (8 Augustus):**

Die oorlog is verby. Die skok van die uitslag van die oorlog het ons volk lam geslaan, maar ook dit begin weer te wyk. Ons besef dat ons nie daarby kan stilstaan nie, ons moet voortgaan. **Laat ons ons rug draai op hierdie reaksie van die oorlog en met ons oë na Bo gerig 'n koers inslaan waar die Afrikanervolk homself weer sal vind. Ons glo daardie weg gaan langs die pad van die Ossewabrandwag onder die leiding van ons Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg.**

Wat die omstandighede ook al mag wees, solank die Afrikanervolk bestaan, sal hy nie buig nie. Ons toekoms is in ons hande. 'n Gedetermineerde volk kry wat hy wil hê!

**Laat die geesdrif hoog opvlam vir ons aanstaande O.B.-dag-viering en ons sal self verbaas staan oor die uitslag.**

**Laat alle offisiere en Brandwagte tot hulleself inkeer, hulle eie gees wakkerskud en hulself oortuig van die taak wat op hulle wag. Met elke woord, daad of beweging is ons besig om ons Volk te breek of te bou.**

**Laat man, vrou en kind 'n verenigde front toon.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad




TOT U BESKIKKING . . .

Bostaande tekening toon aan die omvang van die takstelsel wat reeds deur VOLKSKAS opgebou is ten einde sover moontlik te voldoen aan die sterk aanvraag na die Bank se dienste wat steeds ondervind word.

Hierdie takstelsel, en die volledige bankdienste wat daardeur verstrek word, is tot u beskikking en u navrae sal die stipte, persoonlike en vertroulike aandag van ons takbestuurders geniet.

VOLKSKAS BEPERK

DEPOSITO'S OORSKRY £9,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS

HOOFKANTOOR PRETORIA